

momentum  
**aardklop**



# FEESGIDS

#DieKunsVanFees



7-12 Okt. | Feesterrein: 7-11 Okt.

NETWERK24

[aardklop.co.za](http://aardklop.co.za)

NWU®



# FEESINLIGTING

## Produksie- en terreinkaartjies:

Koop jou kaartjies aanlyn by [www.webtickets.co.za](http://www.webtickets.co.za), of by die feeskantoor by The Roots, MC Rooderylaan 954. Aanlyn verkope van produksiekaartjies sluit twee ure voor die aanvang van die produksie, en kaartjies kan daarna slegs by die deure gekoop word, indien beskikbaar.

**Alle produksiekaartjies wat by die deur gekoop word, sal 10% duurder wees as voorafbespreekte kaartjies.**

Terreinkaartjies: R100 per dag en R280 per weekskaartjie.

Geen kontant sal by die deure of kantoor aanvaar word nie.

## Belangrike nommers:

<b>Feeeskantoor:</b>	087 527 0023
<b>Mooirivier Beskerming:</b>	018 297 0796
<b>Potchefstroom Mediclinic:</b>	018 293 7000
<b>Potchefstroom Hospitaal:</b>	018 297 7011
<b>ER24:</b>	084 124

**Die terrein:** In geval van enige nood, besoek die GOS-punt (Gesamentlike Operasionele Sentrum) op die terrein.

@aardklopkunstefees  
 Aardklop Nasionale Kunstefees

## Pendeldiens:

Pendel vinnig tussen venues en ondersteun plaaslike diensverskaffers. Vertrek vanaf sentrale punt oorkant hoofingang. Koop jou aanlyn koopbewys by [www.webtickets.co.za](http://www.webtickets.co.za), die feeskantoor by The Roots of by die pendelpunt.

**Opsies:** R40, R120, R200, R400 (R20 per rit) Druk jou koopbewys – die bestuurder pons dit per rit.

**Geen kontant. Fooitjies welkom.**

## 'n Versoek aan alle feesgangers:

### Stiptelikhed

Laatkommers sal nie toegelaat word nadat die vertoning begin het nie.

### Kaartjiebewys

Hou jou kaartjiebewys asseblief te alle tye byderhand, veral in die geval van hertoelating ná pouse (waar van toepassing).

### Foto's en opnames

Geen foto's en opnames van enige vertonings word toegelaat nie. Fotograwe en filmspanne word vooraf deur Momentum Aardklop gekeur. Selfoonkameras is by uitstek taboe.

### Selfone

Skakel asseblief jou selffoon af – dit moet nie net op *silent* wees nie. Dit meng in met die

klanktoerusting, en jou skermliggie bederf vir seker die kunstenaars en ander teatergangers se ervaring.

### Beurtkrag

Ons neem beurtkrag in ag en tref voorsorg in dié verband, maar sommige produksies mag dalk ongelukkig daardeur beïnvloed word.

**A: Alkohol**  
**D: Diviniteit**  
**G: Geweld**  
**I: Inhoud**  
**N: Naaktheid**

**S: Seks**  
**T: Taal**  
**V: Vooroordeel**  
**OB: Ouerbegeleiding**

\*Al die inligting was na ons wete korrek met die ter perse gaan. Vir alle veranderinge en meer volledige inligting hou ons webblad dop, of volg ons op sosiale media.

# TOENEEL

## Voorkom KuNSTepasie



### Alfred Adriaan: Positive Strokes

Met: Alfred Adriaan



Maak reg vir 'n lagmarathon met Alfred Adriaan se splinternuwe vertoning, waarin hy die wonderlike, verwarende wêrld van vaderskap bekyk sonder om doekies om te draai en hy sy eie ouerskapstyl met dié van sy ouers s'n vergelyk. *Positive Strokes* beloof 'n aand van uitbundige lag sowel as hartroerende insigte.

Ouditorium; 8 Okt. 19:00; R180, R160 (Hartsvriende), R130 (Studente, leerlinge); 80 min.; Skerpstek; Geen o.14; Afrikaans en Engels

### Bacchus tot Bekker

Met: Amore Bekker | Teks: Amore Bekker



Is dit moontlik om iemand te vertrou wat nie wyn drink nie? Miskien...? Hoekom sal jy nooit weer 'n glas rooiwyn met 'n muggie in drink nie? In hierdie viering van die druppels van die druif ontmoet jy Bacchus wat hierdie nektar mildelik met ons deel. Van papsak tot pinotage, chardonnay tot chenin blanc – kom lag, pink 'n traan en drink 'n glasie wyn. Tjorts!! Jy het haar gehoor, nou kan jy haar sien: Amore sonder grense.

POK (C6); 7 Okt. 12:30, 8 Okt. 16:00, 10 Okt. 09:30, 11 Okt. 09:30; R200, R180 (Hartsvriende); 80 min.; Drama; Geen o.10 (I); Afrikaans

### 'n Begin

Met: Cintaine Schutte en Carel Nel

Teks: David Eldridge



Dit is die vroeë oggendure in die nadraai van haar nuwe woonstel se dakkatmaak. Hy is die laaste oorblywende gas. Die woonstel is 'n gemors en hulle ook... David Eldridge se skerpstekke toneelstuk is 'n teer ondersoek van moderne verhoudings, met twee beskadigde mense wat aan die einde van 'n partyjie uitrek na mekaar. Dié insiggewende stuk – sowel komies as aangrypend – vra vrae oor eensaamheid, bande tussen mense, menslikheid en intimiteit.

Gimmies; 7 Okt. 16:00 en 19:00, 8 Okt. 16:00, 9 Okt. 19:30, 10 Okt. 09:00; R200, R180 (Hartsvriende); 90 min.; Drama; Geen o.16 (T); Afrikaans

### Boesman en Lena

Met: Lee-Ann van Rooi, Brendon Daniels en Tshamano Sebe

Teks: Athol Fugard, in Afrikaans vertaal deur Vinette Ebrahim | Regie: Christo David



Boesman en Lena is twee haweloze randfigure: Uitgelewer aan mekaar, die elemente, en aan 'n politieke bestel wat hulle nie ag nie. Athol Fugard se ikoniese stuk is 'n boeiende blik op die verwikkeldheid van verhoudings en sosiale ongeregtigheid. Dit is ook 'n viering van die krag en

weerbaarheid van die menslike psige, en ons universele neiging tot hoop en behoefte aan menselewing en menslikheid. 'n Gepaste huldiging aan een van Suid-Afrika se grootste dramaturge, wat in Maart in die ouerdom van 92 oorlede is.

**Eigro Hotelsaal; 7 Okt. 19:30; 8 Okt. 09:30, 9 Okt. 14:00, 10 Okt. 19:30, 11 Okt. 09:30; R220, R200 (Hartsvriende); 85 min.; Drama; Geen o.14 (T/G/V); Afrikaans**

## Boesman & Lena: Kleedrepmetisie

Feesgangers kry die geleentheid om die finale kleedrepmetisie van *Boesman en Lena* spotgoedkoop by te woon. Neem asseblief kennis dat die repetisie moontlik onderbreek kan word deur die regisseur of tegniese span. So kry feesgangers ook die geleentheid om 'n kykie agter die skerms te kry en te ervaar hoe die senuwees soms op hol kan raak.

**Eigro Hotelsaal; 6 Okt. 10:00; R100; 85 min.; Drama; Geen o.14 (T/G/V); Afrikaans; Kleedrepmetisie**

## Bitter winter

**Met:** André Odendaal, Oarabile Ditsele en Chantal Stanfield | **Teks:** Paul Slabolepszy



Die hoog aangeskrewe *Bitter winter* is 'n diepgaande en skerpsinnige Suid-Afrikaanse drama uit die pen van Paul Slabolepszy. Die produksie is al gelooft as "die toneelstuk van die jaar" en is 'n viering van storievertelling, toneelspel en die besondere krag van teater.

**Girls High; 7 Okt. 14:00, 8 Okt. 20:00, 9 Okt. 09:30, 10 Okt. 18:00; R210, R190 (Hartsvriende); 80 min.; Drama; Geen o.10 (S); Afrikaans, Engels, Sotho, en Tsotsi-taal**

## Die een wat bly/The one who stays

**Met:** Grant van Ster, Shaun Oelf en Daneel van der Walt | **Teks:** Wessel Pretorius en geselskap

*Die een wat bly* is deels droom en deels getuienis. Dit gebruik die geselskap se persoonlike herinneringe as vertrekpunt om die verhouding tussen ma's en seuns te skets. Dit is 'n samevoeging van dans en drama wat wentel om die narratief van 'n kunstenaar



wat terugreis na sy kinderjare. 'n Danser staan sy moeder aan die dood af en wandel deur die flits van sy geheue, asook die verboede geheime lewe van sy ma, om tot

verhaal te kom oor sy verlede, sy identiteit, sy familie en sy toekoms. Dans en fisike teater word ondersteun deur teks om verlies en die spesiale en verwinkelde verhouding tussen ma's en hul seuns bloot te lê op die pad na genesing.

**Gimmies; 7 Okt. 09:00, 8 Okt. 12:30, 9 Okt. 13:00, 10 Okt. 19:30, 11 Okt. 09:00; R195, R175 (Hartsvriende); 75 min.; Drama en bewegingsteater; Geen o.13 (T); Afrikaans**

## Elzabé Zietsman: Routrip

**Met:** Elzabé Zietsman | **Teks:** Johann Slabbert



Ná 'n mislukte selfdoodpoging deurkruis Helena vir oolaas die land terwyl sy haar versameling familie-items uitdeel en finaal van mense afskeid neem. Gewapen met humor leef sy vreesloos en, oënskynlik, sorgeloos.

**POK (C6); 7 Okt. 19:30, 8 Okt. 09:30, 9 Okt. 12:30, 11 Okt. 16:30; R200, R180 (Hartsvriende); 90 min.; Tragikomedie; Geen o.13 (T); Afrikaans**

## Hospitale, kateters en familielede

**Met:** Wynand van Vollenstee, Thiart Li, Stephanie Baartman en Marissa Claasen  
**Teks:** Wynand van Vollenstee



*Hospitale, kateters en familielede* is 'n skreeusaakkse, absurde komedie wat almal wat al ooit iets met 'n hospitaal te doen gehad het, sal laat skaterlag en soms 'n traan laat wegpink. Veertien karakers vertel hul eie stories oor prosedures, verhoudings en familie soos net in 'n hospitaal opgedis kan word.

Saan voer hulle 'n stryd in wat amper na 'n hopeloze situasie lyk... Tog is daar iets om te ontdek en te leer by ander. Kom ontmoet die verpleegsters, dokters, pasiënte en familielede, en selfs 'n worshond, wat

almal deel is van 'n eg Suid-Afrikaanse skaterlag-storie.

**Ouditorium; 11 Okt. 9:30, 11 Okt. 19:00; R200, R180 (Hartsvriende); 75 min.; Absurde komedie; Geen o.13 (T); Afrikaans**

## Kry vir jou 'n tux, Thomas

**Met:** Marion Holm en Dean Smith

**Teks:** Retief Scholtz



Tessa Slabbert is nie onder 'n kalkoen uitgebroei nie. Sy wééét vanaand se funksie, en die belangrike "toekenning vir lewenslange bydrae" wat sy kry, is haar smokgevreet

van 'n eksman se manier om subtiel te sê haar tyd is verby. Tessa gaan nie opdaag nie. Die stotterende Thomas het sy hande vol om Tessa te oortuig om tog maar te gaan – asof dit die belangrikste taak van sy lewe is... Marion Holm en Dean Smith speel die verhoog vuurwarm in hierdie stuk – daar is baie om oor te lag maar, vir balans, ook heelwat om oor te huil.

**Gimmies; 7 Okt. 13:00, 8 Okt. 19:30, 9 Okt. 09:00, 10 Okt. 16:00, 11 Okt. 16:00; R190, R170 (Hartsvriende); 70 min.; Komedie; Geen o.13 (T); Afrikaans**

## Magda Louw en haar Erhard, how Louw can you go?

**Met:** Desiré Gardner en Hannes van Wyk

**Teks:** Desiré Gardner



Magda en Erhard gesels oor die kuns van die lewe, die verskillende fases van oudword – baie jare wat ons in prentjies kan oopsom. Hoe ons almal met die verpot

in die hand staan... vandat ons buite die lyne inkleur totdat die kwas uiteindelik opdroog en ons nie meer kan dink aan prentjies om te teken nie.

**Ouditorium; 9 Okt. 09:30, 10 Okt. 12:00; R195, R175 (Hartsvriende); 75 min.; Komedie; Gesin; Afrikaans**

## Mel die Storieverteller: Internet Sensasie

**Met:** Mel die Storieverteller

**Teks:** Mel die Storieverteller



In 2023 het nuuskierge gehore opgedaag om te sien hoe die internetsensasie Mel die Storieverteller inlewende lywe op 'n verhoog lyk.

Nou stroom almal na haar vertonings, want Mel is toe skreeusnaaks in die regte lewe ook (vir mans en vroue). In haar derde komiese eenvrouvertoning, *Internet Sensasie*, gaan gehore uitvind dat Mel ook kan sing. Mel deel van haar eerstehandse ervarings in die elektroniese oerwoud vol aandagssoekers en liggelowiges: Oor oom Riekert se groot fout, 'n beplande vuisgeveg in 'n taai plek met die naam KuduKraal, hoe "Mel die Storieverteller" ontstaan het en die siekte op haar voorkop.

Die stories is vars, onverwags en bleddie belanglik, maar blybaar alles waar. Wel, so sê Facebook, en ons almal weet wat op die internet staan is 'n feit, maar kan betwyfel word, tensy jy dit wil glo!

**Laerskool Mooirivier; 7 Okt. 13:30, 8 Okt. 16:30, 9 Okt. 16:00; R160, R140 (Hartsvriende); 80 min.; Komedie; Geen o.14 (T); Afrikaans**

## Molly en Wors: Die geheim van 'n suksesvolle huwelik...is 'n geheim

**Met:** Willie Esterhuizen en Lizz Meiring

**Teks:** Willie Esterhuizen



Kom knik instemmend kop in herkenning van hoe dit in meeste huwelike gaan. Soos altyd in Willie Esterhuizen se werk is dit humor met hart. Heerlik snaaks, verrassend, warmhartig en dit laat jou goed voel. Saam met Lizz Meiring as Molly vorm dié twee 'n gedugte span en die vonke spat.

**Ouditorium; 7 Okt. 10:00, 8 Okt. 14:00, 9 Okt. 13:00; R200, R180 (Hartsvriende, pensioenaris); 70 min.; Komedie; Geen o.14 (T); Afrikaans**

## Moord met 'n T

**Met:** Tobie Cronjé, Ignatius van Heerden en André Lötter | **Teks:** Braam van der Vyver



Tobie Cronjé is terug op die verhoog en is te sien saam met Ignatius van Heerden en André Lötter. 'n Heerlike "whodunnit" wat teaterliefhebbers en feesgangers met al die kinkels en draaie vasgenaai sal hou.

**Gimmies; 8 Okt. 09:00, 9 Okt. 16:00, 10 Okt. 13:00, 11 Okt. 13:00 en 19:30; R220, R200 (Hartsvriende); 75 min.; Komedie; Geen o.12 (T); Afrikaans**

## Ouma is op pad

**Met:** Margit Meyer-Rödenbeck

**Teks:** Jurgen Human



Ouma kom van Garies en soos meeste mense van daardie wêreld, is sy 'n formidabele vrou. In die Knersvlakte word jy nie groot met luukshede soos doekies omdraai nie. Sy het al twee mans begrawe, maar haar bure vermoed die laaste een het net ingesluimer. Met dié dat haar kleindogter nou in die stad werk, en sy nou en dan moet gaan kuier, kom Ouma agter daar is baie dinge wat sy nie ken nie, en "takt" is een van hulle.

**Totiusaal; 9 Okt. 19:30, 10 Okt. 13:00; R200, R180 (Hartsvriende); 80 min.; Komedie; Geen o.13 (T); Afrikaans**

## Pietman Geldenhuyse: Jy sal my nie glo nie

**Met:** Pietman Geldenhuyse

**Teks:** Pietman Geldenhuyse

Pietman Geldenhuyse vertel al stories vandat hy baie jonk is. Wat begin het met fabels, het later 'n werklikheid geword met die absurditeit wat hy ervaar het in die lewe op die pad saam met musikante en storievertellers. Hy deel van hierdie stories en musiek wat uit dié ervaringe spruit.

Debuut



Laerskool Mooirivier; 10  
Okt. 14:00, 11 Okt. 16:30;  
R180, R160 (Hartsvriende);  
75 min.; Komedie; Gesin;  
Afrikaans

## Pronk Podium

Aardklop Pronk Podium is 'n nasionale toneelfeeskompetisie vir hoërskoolleerlinge en studente wat deelneem aan die NWU Kampustoneel. Vanjaar se feesproduksie, is o.a. *Doolhof* en *Dierepubliek*, word aangebied deur vorige Pronk Podium-wenners. Dit is geskryf en geregisseer deur Robert Kruger, wat vir die afgeloop drie jaar aangewys is as die beste Pronk Podium-regisseur én wenner van die beste Pronk Podium-produksie. Meer inligting oor die studenteproduksie (en genre) sal ná afloop van die NWU Kampustoneel bekend gemaak word. Beide produksies is ingesluit by die kaartjieprys.

## Doolhof

**Met:** Minke Marais en Vian Singleton

**Teks en regie:** Robert Kruger



In *Doolhof* worstel 'n jong paartjie met kwessies rondom liefde, geloof, grense en identiteit. 'n Rou, eerlike verhaal oor begeerte, verwagtinge en die soek na jouself én mekaar.

**Girls High; 11 Okt. 11:30; R150, R130 (Hartsvriende), R110 (Studente, leerlinge); Deel van 180 min.; Drama; Geen o.13 (T/G); Afrikaans**

## Dierepubliek

**Met:** Philip Human, Kirwin Loubser, Kamo Mathibedi, Pieter van Heerden en Morné Kruger  
**Verwerking en regie:** Pierre-André Viviers



*Dierepubliek* is 'n Suid-Afrikaanse verwerking van die hoog aangeskrewe en gewilde Animal Farm van George Orwell. Die produksie word as 'n ensemble-werk deur vyf manstudente van die Noordwes-Universiteit aangebied, en is aangewys as die wenner van Aardklop Pronk Podium se NWU Kampustoneelfees.

**Dierepubliek** is 'n verhaal wat afspeel op 'n plaas wat net deur diere bestuur word. Kom kyk hoe chaos uitbreek as die skape die "Flees Must Fall"-veldtog loods. Die varkeregering (Nk-Varkla) moet sy modderpoel (vuurpoel...) laat bou. En dit is verrassend hoe baie die "Boereplaas" en Suid-Afrika se krag- en waterkrisisse ooreenstem, en dan praat ons nie eers van die politiek onder die diere nie. Kom oordeel self of die bekende ou verhaal nou nie nog meer relevant is as wat jy dink nie. Bevind ons ons dalk weer in 'n situasie soos in Animal Farm, en hoe groot is die onderskeid tussen vark en mens werklik?

**Girls High; 11 Okt. 11:30; R150, R130 (Hartsvriende), R110 (Studente, leerlinge); 30 min.; Drama ; Geen o. 13 (T); Afrikaans**

## Reguit uit Pretoria – Marianne Thamm: Die Nuus Vars Gepers

**Met:** Marianne Thamm | **Teks:** Marianne Thamm



Elke dag, wanneer die son saggies sy koppie oor die horison steek, word ons wakker in 'n Suid-Afrika wat somtyds voel soos 'n toneel uit 'n tragikomiese grafiese roman. Daar boor 'n man in Gauteng wat water soek tot reg binne in die Gautrein-tonnel. 'n Minister kondig aan ons moet rustig wees, want die land is "stabiel en veilig" – desondanks 'n staatsgreep, geweld, misdaad en terrorisme. Niks om hier te sien nie... stap maar aan. Staan nader aan die rand van die malligheid van die wêreld en kom lag saam.

**POK (C6); 7 Okt. 16:00, 8 Okt. 19:30, 9 Okt. 16:00, 10 Okt. 13:00; R175, R155 (Hartsvriende); 65 min.; Satire; OB; Afrikaans**

## Reünie

**Met:** Frank Opperman | **Teks:** Dana Snyman



43 jaar later by die reünie van die 1980-matriekgroep kry al die klasmate 'n geleentheid om te praat. Lank terug het almal saam 'n tragedie beleef wat hulle nou vir die eerste keer regtig konfronteer.

**Ouditorium; 11 Okt. 12:00; R220, R200 (Hartsvriende); 70 min.; Komedie; Geen o.13 (T); Afrikaans**

## Rondomtalie

**Met:** Margit Meyer-Rödenbeck, Deon Lotz en Gary Naidoo | **Teks:** Rafiek Mammon



Daar word beweer die Indiese verhoudingsterapeut Mahesh Maharaj is die beste in die bedryf. Met sy "alternatiewe" metodes kan hy enige verhouding "back on track" kry. Kan Mahesh vir Olivia en Alan help om hul huwelik van 12 jaar te red nadat Olivia vir Alan op die kombuistafel "gevang" het met 'n ander vrou? Hier sit die twee, in die derde van ses sessies, om te "praat" oor hul gevoelens – met skreeusnaakse dog eerlike gevolgtrekking...

**POK (C6); 9 Okt. 09:30, 10 Okt. 19:30, 11 Okt. 13:00; R200, R180 (Hartsvriende); 65 min.; Komedie; Geen o.16 (T/V); Afrikaans en Engels**

## Seun

**Met:** Wilhelm van der Walt | **Teks:** Dana Snyman



*Seun* volg Dana Snyman se reis terwyl hy die uitdagings van mondignowing te middel van onrus naveer. Dana se ervarings, wat vir diensplig opgeroep is, vorm sy wêreldeskouing en lei hom om manlikheid, eer en identiteit te bevragekten. Deur terugflitse en deurslaggewende oomblikke vind Dana liefde en konneksie, wat sy perspektief verander.

**Girls High; 7 Okt. 19:00, 8 Okt. 09:30, 9 Okt. 13:30, 10 Okt. 14:00; R200, R180 (Hartsvriende); 80 min.; Drama; Geen o.13 (T/G/I); Afrikaans**

## Stinkhout

**Met:** Frank Opperman en Wilhelm van der Walt  
**Teks:** Philip Rademeyer



'n Ou stinkhoutboom hou wag oor 'n pa en seun wat óm dinge praat, vingerwys en probeer rekenskap gee van hul verlede, maar sukkel om mekaar te vind.

Eigro Hotelsaal; 7 Okt. 14:00, 8 Okt. 14:30, 9 Okt. 19:30,  
10 Okt. 09:30, 11 Okt. 19:30; R220, R200 (Hartsvriende);  
90 min.; Drama; Geen o.16 (T/I); Afrikaans

## Verwelkingslied

**Met:** Antoinette Kellermann en Dawid Minnaar

**Teks:** Breyten Breytenbach



Foto's deur: Gys Loubser

In Breyten Breytenbach se laaste toneelstuk, voltooi kort voor sy dood in 2024, word ons op reis geneem deur die meester wat homself by sy eie begrafnis voorstel. Breyten tree hier in 'n bewussyn-verruimende asook intieme gesprek met 'n ou verhoogaktrise. Vir oulaas wil hy álles opweeg – maar kan die ou aktrise sy laaste woorde na waarde vertolk?

**Eigro Hotelsaal; 7 Okt. 09:30, 8 Okt. 19:30, 9 Okt. 09:30, 10 Okt. 14:00, 11 Okt. 14:30; R220, R200 (Hartsvriende); 90 min.; Drama; Geen o.12; Afrikaans**

## Vier seisoene kind


**Met:** Je-ani Swiegelaar

**Teks:** Luan Jacobs en Je-ani Swiegelaar



In *Vier seisoene kind* probeer Lee-Monet van Themaat (Je-Ani Swiegelaar, beter bekend as Binnelanders se Naomi Koster), eens 'n kinderster, haar kwynende loopbaan regruk, terwyl sy selfontdekking en eensaamheid naveer – met 'n paar kakkerlakke en heelwat chaos.

**POK (C6); 7 Okt. 09:30, 8 Okt. 13:00, 9 Okt. 19:30, 10 Okt. 16:30; R150, R130 (Hartsvriende); 75 min.; Tragikomedie; Geen o.10 (T); Afrikaans**





# KINDERTEATER

## Van KUNStbeen af

### Baksie Beer en die poeiermuise

**Met:** Liena van der Merwe, W.G. Venter, Robyn Frost, W.J. van der Merwe, Amone Meyer en Suzaan van der Merwe | **Teks:** Liena van der Merwe



**Debut!**

Daar is 'n verjaardagpartyjie in Storiekasteel. Baksie Beer en die poeiermuise kan nie wag om Talpa die verkleurmannetjie te verras nie, maar daar is egter 'n probleem. Talpa is weg! Het die stoute kasteelkat, Snorra-lee Baffi, iets te doen met die verdwyning van Talpa?

**Laerskool Mooirivier;** 9 Okt. 09:00, 10 Okt. 09:00, 11 Okt. 11:00; R80, R60 (kinders o.10); 40 min.; **Kinderteater;** Gesin; Afrikaans

### Die drie varkies en die Gen Z-wolf

**Met:** Jakkie Louw en Clarissa Jooste  
**Teks:** Jakkie Louw



'n Vars en humoristiese hervertelling van die klassieke sprokie, waarin die drie varkies nie net slim is nie, maar ook tegnologies vaardig en vol kreatiewe oplossings. Die wolf is Gen Z en verslaaf aan "The Gram". Deur middel van humor en interaktiewe elemente, leer jong kykers oor die belangrikheid van tegnologie, sowel as die gevare daarvan, terwyl dit ook supersnaaks is. Jakkie Louw bring met sy kenmerkende energie en kreatiwiteit 'n vars perspektief op 'n geliefde storie.

**Laerskool Mooirivier;** 10 Okt. 11:00, 11 Okt. 09:00; R100, R80 (kinders o.10); 45 min.; **Kinderteater;** Gesin; Afrikaans

### Grommels

**Met:** Angelique Filter en Robert Hindley  
**Teks:** Angelique Filter en Robert Hindley



In 'n wêreld van gris, is Geelgrommel en Blougrommel die laaste oorblywende kleure. Wat gebeur as teenoorgesteldes mekaar vind? Kom saam op 'n ontdekkingsreis waar drome van kleur begin groei.

**Laerskool Mooirivier;** 7 Okt. 11:00, 8 Okt. 09:00, 9 Okt. 11:00; R100, R80 (kinders o.10); 40 min.; **Kinderteater;** Gesin; Afrikaans

### Lieve Heksie en die wals

**Met:** Margit Meyer-Rödenbeck en Deon van Zyl  
**Teks:** Margit Meyer-Rödenbeck, geskoei op Verna Vels se stories



Haai oe, wat gebeur as Lieve Heksie deelneem aan Blommeland se eie Strictly Come Dancing? Die Geelheks besluit Levinia moet "breakdance", dit was immers 'n treffer by die Olimpiese Spele... maar ons weet Koning Rosekrans verkieks die wals. Of jy nou drie of 103 jaar oud is, jy sal Blommeland se manewales geniet. Kom speel en dans saam.

**Laerskool Mooirivier;** 7 Okt. 09:00, 8 Okt. 11:00, 9 Okt. 13:30; R125; 55 min.; **Kinderteater;** Gesin; Afrikaans

**Kyk op bladsy 19 (Feesterrein) vir inligting oor die nuwe LAPA Lekkerleesminuut!**



# MUSIEK

## 'n KUNSENTRASIE van vermaak

### Aanskou die mens

**Met:** Winand Grundling en Johann Nel

**Teks:** Erens Grundling



Die orrelis Winand Grundling improviseer op die orrel aan die hand van groot nuusgebeure in die geskiedenis, terwyl die stemkunstenaar Johann Nel die teks voordra.

Winand put inspirasie uit musiek wat strek van klassiek tot kontemporêr.

**NG kerk Vyhoe; 10 Okt. 13:00, 11 Okt. 17:00;  
R150, R130 (Hartsvriende); 65 min.; Klassiek;  
Gesin; Afrikaans**

### Amanda Strydom: The Incredible Journey of Tinkerbell van Tonder

**Met:** Amanda Strydom en Coenraad Rall

**Teks:** Amanda Strydom



Amanda Strydom vertel as Nella Petersen die aangrypende storie van 'n weeskind se omswerwinge en soek na haar komvandaan in hierdie moderne sprokies met baie kinkels en kabels. Die kind se regte naam was Isabella Dolorosa van Tonder, maar haar Granny het gesê Bella is 'n bok se naam en Dolorosa is gans te fênsie vir 'n fairytie, toe roep sy haar altyd Tinkerbell of Tinkie. "Life is a journey, wie's djy nou om die transport te question?" Strydom vertolk 'n horde karakters in hierdie mini-musiekblyspel, geanker in ons grond. Die produksie is bekroon met die Woordtrofee vir beste prestasie in

kontemporêre musiekteater by 2024 se Woordfees.

**Totiusaal; 9 Okt. 10:00, 10 Okt. 19:30, 11 Okt.  
13:00; R210, R190 (Hartsvriende, pensioenaris);  
70 min.; Musiekteater; Geen o.13 (T); Afrikaans,  
Engels, Kaaps, Koi en Nederlands**

### Beloofte van vere

**Met:** Rolanda Marais, Ilse Klink, Eben Genis, Concord Nkabinde, David Klassen, Leon Gropp en Laurinda Hofmeyr | **Artistieke regisseur:** Anna Davel



Debuut

Momentum Aardklop bring hulde aan die geliefde Breyten Breytenbach in 'n spesiale program met opnames van sy eie voorlesings, 'n keur van sy gewilde gedigte, sowel as besondere toonsettings (hetso nuut of nuwe verwerkings). Ook aan die woord, by wyse van spreke, is sy dogter, Daphnée Breytenbach, in gesprek met haar pa – aan die hand van haar voorlesing vroeër vanjaar by die huldigingsbyeenkoms in Wellington. Kom saam op reis met uitstaande kunstenaars om Breyten op sy beste te beleef, die allemansdigter wat tot die menigte kon spreek in gedigte soos "Allerliefste, ek stuur vir jou 'n rooiborsduif", "Mag die bome groen bly" en "Slaap klein beminde". Beloofte van vere is 'n intieme blik op die verhouding tussen 'n pa en sy dogter, te midde van al die verwikkeldheid rondom sy wêreldwye roem, berugtheid, aktivisme en taaldebatte.

**Totiusaal; 7 Okt. 10:30, 8 Okt. 14:00, 9 Okt. 13:00,  
10 Okt. 16:00, 11 Okt. 10:00; R200, R180 (Hartsvriende);  
80 min.; Musiekteater en woordkuns; OB; Afrikaans**

## Beloofte van vere: Kleedrepetisie

Feesgangers kry die geleentheid om die finale kleedrepetisie van *Beloofte van vere* spotgoedkoop by te woon. Neem asseblief kennis dat die repetisie moontlik onderbreek kan word deur die regisseur of tegniese span. So kry feesgangers ook die geleentheid om 'n kykie agter die skerms te kry en teervaar hoe die senuwees soms op hol kan raak.

**Totiusaal; 6 Okt. 19:30; R100; 80 min.; Musiekteater en Woordkuns; OB; Afrikaans; Kleedrepetisie**

## Charl du Plessis Trio: Bach & Beatles

**Met:** Charl du Plessis (klavier), Werner Spies (kontrabas) en Peter Auret (tromme)



Die Charl du Plessis Trio bring Bach en The Beatles se treffers saam in 'n unieke crossover-musiekavontuur vol swing en die blues – verrassend en stylvol en 'n

besondere belewenis vir ware musiek liefhebbers.

**NG kerk Vyhoeck; 8 Okt. 17:00, 9 Okt. 10:00; R180, R160 (Hartsvriende); 70 min.; Klassiek; Gesin; Afrikaans en Engels**

## Charl du Plessis se Surf & Turf

**Met:** Charl du Plessis (aanbieder)

**Kunstenaars:** The Scullery Quintet en Ethereal Voices: Voice, Keys and Wind

Debuut



Momentum Aardklop is opgewonde om 'n nuwe projek bekend te stel! Die bekroonde en gewilde Charl du Plessis stel feesgangers op 'n insiggewende,

sjarmante en soms humoristiese manier bekend aan twee uiteenlopende ensembles, wat elk 'n verkorte weergawe van 20 tot 30 minute aanbied uit hul volledige konserfe wat deel van die feesprogram is.

**NG kerk Vyfhoek; 8 Okt. 14:00; R200, R180 (Hartsvriende); 70 min.; Klassiek en crossover-klassiek; Gesin; Meertalig**

## Die gevlerktes

**Met:** Mareli Stolp | **Teks:** Susan Smith



Diek Grobler, animasiekunstenaar, het vier kortprente geskep met die "pin screen"-tegniek; Mareli Stolp voer die klavierwerke uit waarop die fliks gebaseer is. Die tema is voëls, die "gevlerktes" van die titel.

**Girls High; 8 Okt. 16:30, 9 Okt. 16:30; R100, R80 (Hartsvriende); 30 min.; Klassiek; Gesin; Afrikaans**

## De wals van die liefde

**Met:** Jannie du Toit (sang en kitaar), Marcel Dednam (klavier) en Deryn Dednam (altsaxofoon)

**Teks:** Jannie du Toit



Kom luister na Jannie du Toit se gunstelinge uit die Nederlandstalige kleinkuns soos "Madeleine" en "Marieke" van Jacques Brel asook liedjies van Jules de Corte en Herman van Veen. Van ballades oor die liefde en lewe tot prettige liedjies.

**Totiusaal; 7 Okt. 19:30, 8 Okt. 10:00; R150, R130 (Hartsvriende); 80 min.; Kontemporér; Gesin; Afrikaans en Nederlands**

## Ethereal Voices

**Met:** Ilze van Staden (sopraan), Malané Hofmeyr-Burger (fluit), Sonja van Zyl (klavier)

'n Musikale ervaring op 'n hoë noot met die kombinasie van sopraan, fluit en klavier. 'n Voortrefflike uitvoering van tydlose klassieke en aangrypend pragtige musiek. Hierdie konserf beloof om jou mee te voer na 'n plek



van skoonheid, vrede en inspirasie.

**NG kerk Vyfhoek; 9 Okt. 13:00; R150, R130 (Hartsvriende); 55 min.; Klassiek; Gesin; Afrikaans en Engels**

## Franse Fantasieë

**Met:** Zanta Hofmeyr (viool), Malané Hofmeyr-Burger (fluit), Eugene Joubert (klavier)



'n Betoverende konsert met Franse elegansie, Russiese bekoring en Weense ligtheid. Kom beleef die talente van 'n besonderse trio, met die susters Zanta Hofmeyr en Malané Hofmeyr-Burger onderskeidelik op viool en fluit, en die bekwame pianis Eugene Joubert. Die program bied 'n samestelling van die poëtiese, virtuositeit en joie de vivre.

**NG kerk Vyfhoek; 11 Okt. 13:00; R150, R130 (Hartsvriende); 55 min.; Klassiek; Gesin; Afrikaans en Engels**

## Ingrid: 'n Vlam in die sneeu

**Met:** Lizelle Pike, Chanie Jonker  
**Teks:** Jak J. Brits



Ingrid Jonker se woorde en liefdesbrieve word opnuut na die verhoog gebring in hierdie roerende musiekteaterstuk – 'n intieme blik op haar liefde, stryd en passie vir waarheid, woorde en vryheid.

**Laerskool Mooirivier; 7 Okt. 19:30, 8 Okt. 13:30; R200, R180 (Hartsvriende); 75 min.; Musiekteater; Geen o.16; Afrikaans**

## Liedjies van my legendas ná 100 jaar van Afrikaans

**Met:** Jakkie Louw | **Teks:** Jakkie Louw



Kom beleef Jakkie Louw se trefferkonsert *Liedjies van my legendas ná 100 jaar van Afrikaans*. Hoor hartroerende liedjies van onder andere Koos Kombuis, Johannes Kerkorrel en Valiant Swart, aangebied soos nooit tevore nie!

**Laerskool Mooirivier; 7 Okt. 16:30, 8 Okt. 19:30; R160, R140 (Hartsvriende, pensioenaris); 60 min.; Kontemporêr; Gesin; Afrikaans**

## Luna Paige: Die Reisigers

**Met:** Luna Paige  
**Teks:** Luna Paige



Debuut

Luna Paige sing oor die "groot reis" en deel musiek wat sy tydens haar plaaslike én Europese reise geskryf het. Sy bepeins die groot verskille, maar, belangriker, die ooreenkoms wat alle reisigers op hierdie wonderbaarlike planeet aan mekaar bind.

**Girls High; 9 Okt. 20:00, 10 Okt. 10:00; R160, R140 (Hartsvriende, pensioenaris); 75 min.; Kontemporêr; OB; Afrikaans en Engels**

## André Schwartz: Merry Krismis, Elvis

**Met:** André Schwartz  
**Teks:** André Schwartz en Robert Kruger



Van kleintyd vind Jaco 'n sielsgenoot in Elvis, wat ook sy toevlug word. Die onvergeeflike gebeur op Ouksaand. Bring roem kwytskelding?

Onvergeetlike vertolkings van Elvis-treffers, aangevul met André Schwartz se eie liedjies.  
"Maak jou gereed om deur diep water te waad en effens oorbluf die teater te verlaat." – Mariana Malan

Totiusaal; 10 Okt. 10:00, 11 Okt. 16:00; R210, R190 (Hartsvriende, pensioenaris); 55 min.; Musiekteater; Geen o.13 (T); Afrikaans en Engels

## Music from the Silk Road countries Reimagined by 20th century composers

Met: Berthine van Schoor (tjello) en Megan-Geoffrey Prins (klavier)



Hierdie program neem die luisteraar op 'n verbeeldingryke en eksotiese reis deur verskeie lande van die antieke syroete – ryk in kleure, teksture en styl, soos 'n pragtige geweefde towertapty.

NG kerk Vythoek; 7 Okt. 17:00, 8 Okt. 10:00; R190, R170 (Hartsvriende); Klassiek; 75 min.; Gesin; Afrikaans

## Nataniël + Charl: 25

Met: Nataniël en Charl du Plessis

Debuut



Met twee galakonserte vier die sanger en storieverteller Nataniël en die pianis Charl du Plessis nie net die afgelope kwarteeu se mylpale nie, maar wys hoe die toekoms lyk en klink, waarmee hulle tans besig is, kyk na mekaar se individuele projekte, gee 'n blik op die jaar se nuutste uitrekkings en bring ook splinternuwe stories, musiek en kostuums. 'n Móét vir die fynproewer!

Ouditorium; 7 Okt. 19:00, 8 Okt. 10:00; R300, R280 (Hartsvriende); 90 min.; Klassiek; Geen o.14; Meertalig

## Once Upon a Tune

Met: Zanne Stapelberg en Albie van Schalkwyk




Die bekende Kaapse sangeres Zanne Stapelberg se hoogs teatermatige, roerende en boeiende kabaret was uitverkoop by die Suidoosterfees. "Dit is 'n keurig saamgestelde program van aangrypende en tydlose liedere uit die groot musiekspiele, só gekies dat dit 'n oomblik van menswees vasvang." – Laetitia Pople, Netwerk24

Laerskool Mooirivier; 9 Okt. 20:00, 10 Okt. 16:30; R190, R170 (Hartsvriende, pensioenaris); 70 min.; Musiekteater; Gesin; Engels

## Other Women of Broadway

Met: Shelly Simon en Catrien Wentink

Teks: Verskeie liriekskrywers en musiekteaterkomponiste



'n Huldeblyk aan die "ander vroue van Broadway" met hul eie fassinerende stories – die buitestanders, skurke, moeders, susters of beste vriendinne wat dikwels oor die hoof gesien word.

NG kerk Vythoek; 10 Okt. 17:00, 11 Okt. 10:00; R150, R130 (Hartsvriende); 60 min.; Kabaret; Gesin; Engels

## Potchpourri

**Met:** Personeel van die Noordwes-Universiteit (NWU) Skool vir Musiek en vriende



Debutu

Potchpourri is 'n gewilde jaarlikse NWU-konsert, wat nou by Aardklop debuteer. Kom beleef die talente van die personeel, studente en gaskunstenaars in 'n besondere mengsel van klassieke musiek, opera, musiekteater en humor.

NG kerk Vyhoe; 7 Okt. 13:00; R220, R200 (Hartsvriende, pensioenaris); 70 min.; Klassiek; Gesin; Afrikaans

## Road Trip Rhythms

**Met:** Magdalena de Vries en Jannie le Roux



Debutu



Tromme, marimba, klavier – 'n ritmiese musikale kombinasie wat jou tone van lekkerky sal laat omkrul. Komposisies van Bach, Handel en Matthijs van Dijk en Dawid Boverhoff se ritmes word jou *Road Trip Rhythms*.

NG kerk Vyhoe; 10 Okt. 15:00, 11 Okt. 15:00; R150, R130 (Hartsvriende); 60 min.; Klassiek; Gesin; Afrikaans en Engels

## Rocco de Villiers en Coenie de Villiers: 88

**Met:** Rocco de Villiers, Coenie de Villiers en Mauritz Lotz | **Teks:** Rocco de Villiers en Coenie de Villiers



Rocco en Coenie de Villiers span vir die eerste keer kragte saam, met Mauritz Lotz op kitaar. Hul musiekaanbod strek van boeremusiek tot Bach, met nuwe werke en verrassings, en verwag 'n skeut humor.

Ouditorium; 10 Okt. 18:00, 11 Okt. 14:30; R240, R200 (Hartsvriende); 80 min.; Musiekteater; Gesin; Afrikaans

## Spoorsny

**Met:** Frieda van den Heever en Mauritz Lotz (kitaar) | **Teks:** Frieda van den Heever



Spoorsny, met liedjies, stories en gedigte wat die landskap van lewe en dood en alles tussenin verken, het gehore gaande en is benoem vir 'n Woordtrofee, Fiësta en Kanna as beste kontemporêre musiekproduksie.

Totiusaal; 7 Okt. 16:00, 8 Okt. 18:00, 9 Okt. 16:00; R160, R140 (Hartsvriende); 70 min.; Kontemporêr; OB; Afrikaans en Engels

## The Drop that Contained the Sea

**Met:** NWU Simfonieorkes en kore. O.l.v. André Oosthuizen en Kobus Venter



Debutu

Die titel *The Drop that Contained the Sea* kom van 'n Soefi-konsep: Nes elke druppel water die essensie van die see bevat, bevat elke mens die essensie van die hele mensdom. Water is 'n kragtige element wat lewe gee en lewe kan neem, water kan die vorm van die aarde verander. Kom verken hierdie element in sy verskeie vorme en in verskillende tale – van Xhosa tot Portugees. Maak seker jy loop nie hierdie spesiale uitvoering mis nie!

Ouditorium; 12 Okt. 15:00; R160, R140 (Hartsvriende); 70 min.; Klassiek; Gesin; Meertalig

## The Scullery Quintet: Stir-fried Sonatas

**Met:** Hana Yim-Wahl (viool), Waldo Luc Alexander (viool), Tisetso Mashishi (altviool), Viwe Mkizwana (kontrabas) en Peter Auret (tromme en perkussie)

**Musiekregie:** Peter Auret



Debutu

'n Opwindende, vars en prettige uitvoering van crossover- klassieke musiek. Hierdie bekroonde ensemble speel splinternuwe, oorspronklike verwerkings van klassieke, jazz- en popmusiek, met hope improvisasie en unieke kontemporêre musikale temas. Hul besondere aanslag maak die konsert toeganklik vir alle ouderdomsgroepe.

**NG kerk Vythoek; 9 Okt. 17:00; R150, R130**  
**(Hartsvriende); 60 min.; Klassiek; Gesin;**  
**Afrikaans en Engels**

## Trio Joie de Vivre: Seisoene

**Met:** André Oosthuizen (fluit), Liesl van der Merwe (fagot) en Catrien Wentink (klavier)



*Seisoene* is meer as net konsert met fluit, fagot en klavier – in hierdie produksie word musiek, poësie en kuns verenig. Kom luister na Astor Piazzolla se *Vier seisoene van Buenos Aires*, Tsjaikowski se *Seisoene* en *Four Short Pieces* van Frank Bridge.

**NG kerk Vythoek; 10 Okt. 10:00; R150, R130**  
**(Hartsvriende); 55 min.; Klassiek; Gesin;**  
**Afrikaans en Engels**

## Trou

**Met:** Mel die Storieverteller en Corlea Botha

**Teks:** Mel die Storieverteller

**Musiekregie:** Corlea Botha



Corlea sing by troues en Mel is altyd die seremoniemeester. Mel daag op met snaakse stories en Corlea met van die bekende bruilofsliedere uit verskillende troualbums.

**Laerskool Mooirivier; 10 Okt. 19:30, 11 Okt. 13:30;**  
**R200, R180 (Hartsvriende); 70 min.; Komedie;**  
**Gesin; Afrikaans**


## Van Der Aven

**Met:** Theunis van der Merwe, Roelof van der Merwe en Paul Avenant



'n Van Der Aven-optrede loop oor van energie en oopregtheid, met alternatiewe rock, diep lirieke en aansteeklike ritmes wat elke gehoorlid laat sing en dans, en met 'n glimlag huis toe stuur.

**Totiusaal; 11 Okt. 20:00; R180, R160 (Hartsvriende);**  
**60 min.; Kontemporêr; Gesin; Afrikaans**



# LEEFSTYL

## FEES vrolik. FEES bly. FEES daar!



### Aardklop Jam-sessies

Met: Leon Groppe en vriende



Kom kuier saam rondom 'n jam-sessie soos van ouds. Leon Groppe gaan elke aand 'n musikantvriend of drie nooi om by hom aan te sluit op die verhoog, en dan word daar gesing en instrumente gelooi soos vroeër jare. Geen voorbereiding, geen teks, geen voorbehoud. Net 'n impromptu jam saam met vriende.

The Roots-tuin; 7 Okt. 19:00, 8 Okt. 19:00, 9 Okt. 19:00, 10 Okt. 19:00, 11 Okt. 19:00; 70 min.; Kontemporêr; Geen o.18; Afrikaans

### Aardklop Langtafel



Geniet 'n vyfgangmaaltyd en voortreflike Hermanuspietersfontein-wyne onder die plataanbome in Lover's Lane en sluit Momentum Aardklop 2025 op 'n sjarmante hoogtepunt af.

NWU Potchefstroomkampus Lover's Lane; 12 Okt. 12:00; 120 min; Leefstyl; OB

### Proe! Perdeberg en pannekoek

Met: Bidfood en Roots Academy



